
DIE KRAG VAN
GEBED
SEWE PSALMS VIR PINKSTER
SOMERSTRAND
GEMEENTE
LUISTER · LEEF

# Die krag van gebed

Sewe Psalms vir Pinkster

**Inhoudsopgawe**


1 Pinkster in die NG Kerk familie ..... 2

2 Pinkster in Handelinge ..... 4

3 Sewe Psalms vir Pinkstertyd ..... 5

4 In die Psalms praat ons met God ..... 7

5 Pinkster 2016 – die krag van gebed ..... 10

6 Materiaal vir kleingroepe ..... 11

7 Psalm 24 – om in God se teenwoordigheid tot rus te kom ..... 13

8 Psalm 48 – om van God se leiding bewus te word ..... 15

9 Psalm 82 – om van God se handhawing van die reg in die hemel bewus te word 17

10 Psalm 94 – om van God se handhawing van die reg op die aarde bewus te word 20

11 Psalm 81 – om van God se oorvloedige sorg bewus te word ..... 24

12 Psalm 93 – om van God se onwankelbare koningskap bewus te word ..... 27

13 Psalm 92 – om van God se liefde en trou bewus te word ..... 29


## 1 Pinkster in die NG Kerk familie

Die 10 dae tussen Hemelvaart en Pinksterdag was nog altyd ’n baie besondere tyd in die NG Kerk familie. Vir meer as 150 jaar al word die tyd aan Pinksterbidure afgestaan, ’n gebruik wat reg deur die kerk gehandhaaf word. Die fokus is op die werk van die Heilige Gees, die nuwe lewe wat Hy bring, en die krag wat Hy gee sodat ons by God se werk in die lewe kan aansluit.

Die stimulus daarvoor begin interessant genoeg in ’n **North Dutch Reformed kerk** in Fulton straat, New York in Amerika, en ironies genoeg in 1857, presies in dieselfde jaar van die gewraakte besluit “*ten gevolge van de zwakheid van sommige*” wat hier by ons tot aparte kerkvorming gelei het.

Amerika was in 'n toestand van sosiale, morele, politieke, geestelike en ekonomiese verval. Op 14 Oktober dié jaar het die bankstelsel van die VSA ineengestort. Die spoorweë het bankrot gespeel. Fabrieke het toegemaak. Die onrus oor die nagevolge slawerny was aan die oplaai. Burgeroorlog het gedreig. Mense was radeloos en sonder hoop. Die toekoms was donker.

Jeremiah Lanphier, 'n stadsendeling van die gemeente in Fultonstraat, was baie bekommerd oor die impak van die landsituasie op die geestelike toestand van die mense van New York. Hy besluit toe om elke week 'n middaguur-gebedsbyeenkoms tussen 12:00 en 13:00 te hou. Hy het pamflette laat druk om mense uit te nooi vir die eerste byeenkoms op 23 September 1857. Dit sou plaasvind in die konsistorie van die kerk in Fultonstraat.

Slegs 6 mense het die eerste week se byeenkoms bygewoon. Die tweede week het die bidders verdriedubbel. 20 mense het kom bid. Die derde week was daar 40. Die vierde week was daar 100. Binne enkele weke was die kerkgebou vol en het mense van toe af daagliks bymekaargekom om tydens middagete te bid. Mettertyd is daar nog en nog gebedsbyeenkomste gereël. By sommige was daar tot 5000 teenwoordig. Voor die einde van 1857 was daar honderde gebedsbyeenkomste in verskillende areas en het dit daagliks gegroei. Dit is beleef as 'n herlewende werk van God.

Duisende mense het in dié tyd tot bekering gekom. Dit het nie net by New York gebly nie, maar oor die hele Amerika uitgebrei. Die teenwoordigheid van God was só tasbaar dat van die bemanningslede van 'n skip wat New York se hawe binnegekom het, vertel het dat hulle gevoel het hoe hulle 'n gebied binnevaar waar daar 'n Goddelike teenwoordigheid was. Op een van die skepe het 'n kaptein en 30 bemanningslede blykbaar tot bekering gekom nog voordat die skip in die hawe vasgemeer het.

Gou het dié herlewing uitgebrei na Brittanje, Duitsland, Indië, Indonesië en Swede. Twee jaar later, in 1860, het die herlewing ook na Suid–Afrika gekom. Dr. Andrew Murray se pa, ds. Andrew Murray van Graaff-Reinet het toe reeds vir 36 jaar lank al elke Vrydagaand vir herlewing gebid. 'n Boekie met die titel *De kracht des Gebeds* is destyds versprei en dit het gehelp om 'n gees van gebed in baie gemeentes te laat posvat.

In April 1860 het die NG Kerk 'n groot konferensie in Worcester gehou. 374 Predikante en gemeenteleiers het dit bygewoon. Die verhale van die herlewing in die VSA is hier vertel. Op 'n stadium het dr. Andrew Murray opgestaan om te bid. Ooggetuies sê dit was die begin van 'n magtige werk van die Here, want daarná het berigte van Bolandse dorpe begin instroom van hoe die Here werk.

Herlewing het ook in Worcester uitgebreek waar dr. Andrew Murray predikant was. Een aand was 60 jongmense bymekaar vir gebed. 'n Vyftienjarige slawemeisie het opgestaan en net gesê: “O, hoe lief het ek Jesus.” Skielik het almal die geluid van 'n veraf gedreun gehoor. Dit het nadergekom en die hele gebou het fisies geskud. Almal het gelyktydig begin bid. God se teenwoordigheid het die plek tasbaar gevul. Elkeen was ontsettend bewus van sy/haar sondelas en almal het na die Here geroep.

Niemand het van die predikant notisie geneem toe hy hulle wou stilmaak nie. Almal het gebid en wou net met alle mag van die ondraagbare las van sonde ontslae raak. Oorvol bidure het aand vir aand plaasgevind en dikwels tot in die vroeë oggendure aangehou. Dit was duidelik dat die Here se hand op Worcester was. Die hele gemeenskap het verander.

En so het die herlewing uitgebrei na Calvinia, Swellendam, Heidelberg en uiteindelik ook na Paarl. In die Paarl-Franschoek vallei was daar 'n magtige beweging van die Heilige Gees. Iemand het gesê daar was kwalik iemand vanaf Franschoek tot Wellington wat nie aangeraak was nie.

Dit was juis in die Paarl Strooidakkerk, waar die gebruik in die NG Kerk om die 10 aande tussen hemelvaartdag en Pinkstersondag, gebedsbyeenkomste te hou, ontstaan het. Want hier het ds G.W.A. van der Lingen die Paarlse gemeente opgeroep tot 10 dae van gebed vóór Pinkstersondag 1861.

Die seën en vrug hiervan was só omvangryk dat dit rimpelings regoor SA gemaak het. Sóveel so dat die NG Kerk sinode in 1867 besluit het om alle gemeentes aan te moedig om elke jaar die 10 dae voor Pinkstersondag in gebedsbyeenkomste bymekaar te kom.

Die res van die verhaal is geskiedenis ... soos elke NG Kerk lidmaat in ons vier kerke van kan getuig.

## 2 Pinkster in Handelinge

Hierdie beweging in Suid-Afrika gaan natuurlik ver terug, na die eerste ervaring van Pinkster, soos ons dit in Handelinge 1-2 aantref.

Ons lees in Handelinge 1 dat Jesus in die tyd tussen sy opstanding en sy Hemelvaart baie tyd met die dissipels gespandeer het.  Hy het met vele tekens getoon dat Hy werklik leef.  Hy het oor die sake van die koninkryk van God met hulle gepraat.  Die belangrikste was egter dat Hy deur die Heilige Gees vir hulle opdrag gegee het om nie uit Jerusalem weg te gaan nie, maar te bly wag op die Vader se belofte wat hulle van Hom gehoor het.

Hulle sou oor nie baie dae nie deur die Heilige Gees gedoop word, en krag ontvang om Jesus se getuies te wees in Jerusalem, in die hele Judea en Samaria, en tot aan die einde van die aarde.

En dit is presies wat hulle toe gaan doen het. Toe Jesus met sy Hemelvaart van hulle weggeneem is, het hulle teruggekeer na Jerusalem – 'n Sabbatsreis ver van die Olyfberg af (ongeveer 880 meter, die afstand wat die Jode op die Sabbat mag afgelê het [Jos. 3:4; Num. 35:5]) – en in die bovertrek waar hulle gereeld was, bymekaargekom.

Daar het hulle almal eensgesind in gebed volhard saam met die vroue, waaronder Maria, Jesus se ma, sowel as saam met Jesus se broers.

Benewens een groter verkiesingsvergadering – daar was ongeveer 120 mense bymekaar – waar Mattias in die plek van Judas as apostel (apostels en dissipels word in hierdie hoofstuk uitruilbaar gebruik) gekies is, is die enigste ander aktiwiteit waarvan ons lees, dat hulle eensgesind in gebed volhard het.

## 3 Sewe Psalms vir Pinkstertyd

Wat sou hulle as gebede gebruik het?

Uiteraard sou hulle waarskynlik gebede gebid het wat die Here Jesus hulle geleer het, bv. die Ons Vader gebed wat Matteus (hfst. 6) en Lukas (hfst. 11) later in hulle evangelies sou opneem en waarskynlik ook spontane gebede, soos Jesus die Samaritaanse vrou geleer het (Joh. 4).

Die moontlikheid is egter sterk dat hulle in dié week tussen Hemelvaart en Pinkster sou aangesluit het by die gebruik van die **Fees van die weke** of "*sabbatsweek*" wat in dié tyd gehou is. Ons lees daarvan in Eks. 34:22, Deut. 16:10,16; Num. 28:26; Lev. 23:15. Dit is gehou sewe weke ná die Paasfees, wat gelei het daartoe dat die naam van "*Pinkster*" (die woord beteken "*vyftig*") mettertyd aan dié fees gekoppel is.

Een van die voorskrifte vir dié tyd was die lees en bid van sewe "*sabbatsweek*" Psalms, een vir elke dag van die "Fees van die weke", deur baie genoem: ***Shir Shel Yom*** ("lied vir die dag"). In die Griekse vertaling van die Psalms in die LXX, die OT Bybel wat die vroeë kerk gebruik het, is daar juis **sewe Psalms** wat in die opskrifte só aangedui word, en in volgorde vir die "*sabbatsweek*" of "Fees van die weke" voorgeskryf is.

Dit is die volgende Psalms:

- **Psalm 24** – vir Sondag;
- **Psalm 48** – vir Maandag;

- **Psalm 82** – vir Dinsdag;
- **Psalm 94** – vir Woensdag;
- **Psalm 81 –** vir Donderdag;
- **Psalm 93** – vir Vrydag;
- **Psalm 92** – vir Saterdag, die Sabbatdag.

Dit is as volg gebid en daarby aan die sewe skeppingsdae gekoppel, soos ons uit die Joodse navolging hiervan kan agterkom:

- **Psalm 24:** "*Aan die Here behoort die aarde en alles daarop*" (Jahweh ha'aretz u'melo'ah) word op **Sondag** gebid met verwysing na die eerste dag van die Skepping, die dag waarop God die hemel en aarde gemaak het en lig en donker geskei het.
- **Psalm 48:** "*Groot is die Here en besonder lofwaardig*" (Gadol Jahweh u'mehulal me'od) word op **Maandag** gebid met verwysing na die tweede dag van die Skepping, die dag waarop God die hemel en die aarde geskei het.
- **Psalm 82:** "*God staan op in die vergadering van die gode*" (Elohim nitzav ba'adat) word op **Dinsdag** gebid met verwysing na die derde dag van die Skepping, die dag waarop God die aarde van die see geskei het om die aarde voor te berei vir die plantegroei in sy verskeidenheid.
- **Psalm 94:** "*O God wat vergeld*" (El nikamot Jahweh) word op **Woensdag** gebid met verwysing na die vierde dag van die Skepping waarop Hy die son en die maan en die sterre gemaak het.
- **Psalm 81:** "*Juig tot eer van God, ons krag*" (Harninu leilohim uzeinu) word op **Donderdag** gebid met verwysing na die vyfde dag van die Skepping waarop die voëls en die visse gemaak is om sy Naam te prys.
- **Psalm 93:** "*Die Here regeer, Hy is met majesteit beklee*" (Jahweh malach gei'ut laveish) word op **Vrydag** gebid met verwysing na die sesde dag van die Skepping waarop die diere en die mens as God se verteenwoordiger gemaak is, en God sy werk voltooi het.
- **Psalm 92:** "*'n Psalm, 'n lied vir die Sabbatdag*" (Mizmor shir leyom haShabbat) word op die **Saterdag**, die Sabbat gebid met verwysing na die sewende dag van die Skepping, dié dag wat steeds voortduur in die rus wat God is en gee.

Die kanse is dus goed dat die dissipelkring dié sewe Psalms in dié tyd tussen Hemelvaart en Pinkster gebruik het in hulle gebede. En dit is heel gepas, omdat die Psalms onder andere die volgende betekenis vir hulle sou gehad het:

- **Psalm 24** – om in God se teenwoordigheid tot rus te kom;
- **Psalm 48** – om van God se leiding bewus te word;

- **Psalm 82** – om van God se handhawing van die reg in die hemel bewus te word;
- **Psalm 94** – om van God se handhawing van die reg op die aarde bewus te word;
- **Psalm 81** – om van God se oorvloedige sorg bewus te word;
- **Psalm 93** – om van God se onwankelbare koningskap bewus te word;
- **Psalm 92** – om van God se liefde en trou bewus te word.

Dat hulle 'n hele aantal ander Psalms ook gelees het, lei 'n mens af uit die aanhalings in Petrus se toespraak wat ons in Handelinge 2 aantref:

- Ps. 18:5 en 116:3 in Hand. 2:24 (vgl. ook 2 Sam. 22:6),
- Ps. 16:8–11 in Hand. 2:25–28,
- Ps. 132:11 in Hand. 2:30 (vgl. ook 2 Sam. 7:12–13),
- Ps. 16:10 in Hand. 2:31,
- Ps. 110:1 in Hand. 2:34–35 (vgl. ook Matt. 22:44; Mark 12:36; Luk. 20:42–43; Heb. 1:13).

Uiteraard was daar ook ander Skrifgedeeltes wat 'n rol gespeel het, soos die aanhaling uit Joël 2:28–32 en 3:1–5 in Hand. 2:17–21 aantoon en verskeie ander ooreenkomste in frases uit OT gedeeltes, bv. Jes. 57:19: "*almal daar ver*" en Joël 2:32: "*almal wat die Here ons God na Hom toe roep*" in Hand. 2:39.

Dit sal dus goed wees as ons dié Pinkster dié "*Sabbatsweek*" Psalms as uitgangspunt neem om voor die Here stil te raak en te bid vir vernuwing en vir 'n groter ervaring van die krag van die Heilige Gees, sodat ons meer en meer aan ons roeping om sy getuies te wees, kan beantwoord.

Vir die dieperdelwers is hier 'n bietjie meer agtergrond oor die Psalms uit die OT.

## 4 In die Psalms praat ons met God

Die Psalms is 'n indrukwekkende versameling van geestelike liedere. Dit sing in Psalm 1 van die vreugde om in God se teenwoordigheid soos 'n boom te floreer, en eindig met 'n oproep in Psalm 150 dat alles wat asem haal die Here moet prys.

In die breë kan 'n mens – aan die hand van die inhoud – onderskei tussen **Klaagpsalms** en **Lofpsalms** (Westermann), wat natuurlik 'n hele aantal fyner onderskeidings insluit. Dieselfde Psalm kan ook beide lof en klag in 'n verskeidenheid van wisselwerkinge bevat.

Jesus vind in die Psalms die woorde om met God en mense te praat, ook in sy donkerste oomblikke aan die kruis:

- In ’n gesprek met die Fariseërs gebruik Jesus *Psalm 110:1* om Sy goddelikheid te bevestig: “Die Here het vir my Here gesê: Sit aan my regterhand totdat Ek jou vyande aan jou onderwerp het” (Matt. 22:41-45).
- In sy gesprek met die priesterhoofde en Fariseërs sê Jesus van Homself – uit *Psalm 118:22-23* – dat Hy die klip is: “wat deur die bouers afgekeur is, juis hy het die belangrikste klip in die gebou geword. Dit is deur die Here gedoen en is ’n wonder in ons oë” (Matt. 21:42).
- Jesus interpreteer sy lyding as ’n vervulling van *Psalm 35:19* (ook *69:5*): “Hulle het My sonder rede gehaat” (Joh. 15:25);
- Aan die kruis gebruik Jesus *Psalm 22:1*: “My God, my God, waarom het U My verlaat?” (Matt. 27:46);
- In Jesus se woorde: “Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie!” (Luk. 23:43) hoor ’n mens *Psalm 109:4* “My liefde beantwoord hulle met vyandskap, en dit terwyl ek nog altyd vir hulle gebid het” weerklink, ’n Psalm wat ook vir Petrus help om iemand in Judas se plek as dissipel te kies (Hand. 1:20 – *Ps. 109:8*: “laat ’n ander sy amp oorneem”).
- Die verdeling van Sy klere word deur Johannes geïnterpreteer as ’n vervulling van *Psalm 22:19*: “Hulle het my klere onder mekaar verdeel, en vir my kleed het hulle geloot” (Joh. 19:24).
- Jesus gebruik die kruiswoord: “Ek het dors”, met die wete dat alles volbring is en sodat die Skrifwoord vervul kan word, deur *Psalm 69:22* aan te haal (Joh. 19:28).

Om die waarheid te sê, na sy opstanding, verwys Jesus die dissipels onder andere na die Psalms om moed te skep uit al die verwysings daarin wat in Sy lewe vervul is – Luk. 24:44: “dat alles vervul moet word wat in die … psalms oor My geskrywe is”.

Die dissipels en evangelieskrywers het hieraan gehoor gegee, en dan ook meermale Jesus se bediening in die lig van die Psalms sien ontvou:

- Met die reiniging van die tempel het hulle daaraan gedink dat in *Psalm 69:10* geskrywe staan: “Die liefde vir u huis verteer my” waarvan die woord *verteer* natuurlik in die oorspronklike ook die betekenis van *lyding* het.
- Met die intog in Jerusalem het die skare die woorde uit *Psalm 118:26* gebruik: “Loof Hom wat in die Naam van die Here kom!” soos Matteus dit vir ons vertel (Matt. 21:9).
- Die kruisigingsgebeure het verskeie raakpunte met wat veral in Psalm 22 geskryf word, waaroor hierbo al geskryf is. Hierby kom nog Psalm 22:7-9 wat as agtergrond dien vir die beskrywing van die deurlopende spot en lastering

van Jesus (Luk. 23:11,35), en Psalm 22:17-19 wat met Jesus se geseling en verminking verband hou (Matt. 27:26).

- Die Hebreërskrywer gebruik ’n hele paar Psalms om Jesus te beskryf:
    - *Psalm 2:7* – “Jy is my Seun, vandag het Ek jou Vader geword.” (Hebr. 1:5; 5:5);
    - *Psalm 104:4* – “’Al die engele van God moet Hom aanbid.’ Van die engele sê Hy: ‘Hy maak sy engele stormwinde en sy dienaars vuurvlamme’.” (Hebr. 1:7);
    - *Psalm 45:6-7* – “U troon, o God, staan vir ewig vas, met u koninklike septer laat U reg geskied. U het die reg lief en U haat die onreg. Daarom het God, u God, U onder groot vreugde tot Koning gesalf bo u tydgenote.” (Hebr. 1:8-9);
    - *Psalm 102:26-28* – “U, Here, het in die begin die aarde gevestig, en ook die hemel is die werk van u hande. Dié dinge sal vergaan, maar U bly bestaan; soos ’n kledingstuk sal alles verslyt; soos klere sal U dit oprol; ja, soos ’n kledingstuk sal dit vervang word. Maar U, U bly dieselfde, en u jare het geen einde nie.” (Hebr. 1:10-12);
    - *Psalm 110:1* – “Sit aan my regterhand, totdat Ek jou vyande aan jou onderwerp het.” (Hebr. 1:13);
    - *Psalm 110:4* – “Jy is priester vir ewig volgens die priesterorde van Melgisedek.” (Hebr. 5:6).

Dit beteken dat ’n mens aan die een kant natuurlik die Psalms lees soos dit aanvanklik bedoel is – daar is geweldige baie praktiese nut daarin. Maar ’n mens kan aan die ander kant ook vir Jesus navolg wat Sy lewe in die lig van die Psalms verstaan het. En ons kan ’n slag weer verwonder word deur die korrelasie tussen Sy lewe en die Psalms wat so lank voor Hom al geskrywe is. Die Psalms wil ons dus nie net innooi om in die woorde van die Psalms met God in gesprek te tree nie, maar wil ons ook in die lig van die Christologiese interpretasie daarvan weer opgewonde maak oor Jesus self.

Ons word uitgenooi om nie net met aandag die Psalms weer te begin lees nie, maar veral te begin bid en sing. Dit sal ons help om dieper met God om te gaan, en dit met die woorde wat Hyself vir ons gegee het om te gebruik. ***Die Psalms help ons om van ‘n oor-God gesprek na ‘n met-God gesprek te beweeg.*** Die Psalms sal jou keer om in ’n oppervlakkige en vervelige manier van bid te verval, en jou gemeenskap met God verdiep om nie net jou eie emosies en gedagtes nie, maar ook die ervarings van die hele lewe in te sluit in jou lewe voor en met God.

Dit bly immers een van die belangrike opdragte van Paulus dat gelowiges in hulle samekomste moet sing, en spesifiek ook Psalms moet sing, saam met ander liedere (**Ef. 5:19** – "en sing onder mekaar *psalms*, lofgesange en ander geestelike liedere; sing met julle hele hart tot eer van die Here."; **Kol. 3:16** – "Met dankbaarheid in julle harte moet julle *psalms*, lofgesange en ander geestelike liedere tot eer van God sing."; **1 Kor. 14:26** – "Elke keer as julle bymekaarkom, het elkeen gewoonlik 'n bydrae om te lewer: 'n *psalm*, 'n onderwysing, 'n openbaring, 'n ongewone taal of klank, 'n uitleg daarvan. Sorg dan dat alles tot opbou van die gemeente verloop."). Jakobus raai individuele gelowiges ook aan om te sing, veral lofliedere (**Jak. 5:13**).

Die Psalms werk met die veronderstelling dat ***gemeenskap met God*** die begin en die sin van die lewe is. Enigiets wat die kwaliteit en ervaring van die gemeenskap met God bedreig of in gevaar stel, bedreig die lewe self. God – Jahwe – is die sentrum van die lewe, die sentrum van alles wat bestaan. Om Hom die sentrum van jou eie lewe en dié van jou mense te maak, is daarom die enigste pad na ware geluk, soos Psalm 1 dit so treffend beskrywe, en wat 'n inleiding is vir die hele Psalmboek. God se wese word daarom in vele Psalms in gloeiende en oortreffende trappe van vergelyking beskrywe, waarin veral sy liefde en getrouheid, sy barmhartigheid en goedheid, en sy regverdigheid en betroubaarheid uitstaan. Selfs wanneer daar twyfel is, en die donker dele van die lewe in die oë gestaar moet word, word sin gevind in die nabye teenwoordigheid van God (Psalm 73).

Die Psalms, selfs die liedere wat as individuele liedere geskryf is, veronderstel daarby 'n eenheid met die ***gemeenskap van gelowiges*** wat fundamenteel behoort tot en deel is van die gemeenskap met God, wat selfs gelowiges uit die nasies insluit. Dit is onder andere waarom 'n hele paar Psalms die geskiedenis van Israel self verwoord (Psalms 78; 105; 106; 136), maar die nasies nie uitgesluit word nie (Psalms 18; 47; 67; 72; 86). Elkeen wat gemeenskap met God geniet, of wat verlang daarna, deel 'n gemeenskaplike storie, wie jy ook al is, en waar jy ook al woon. Dit is waarom dit so maklik is om jou eie klagtes en lofprysings in te lees en raak te sien in die verwoording daarvan in die Psalmboek, al is dit ook in die eerste plek vir en deur die Jode geskrywe, want ons deel met hulle 'n gemeenskaplike ervaring met God, en is deel van dieselfde gemeenskap van gelowiges wat vandag oor die hele aarde versprei is. En dit is ook waarom dit dié boek is wat die maklikste die brug slaan na mense wat uit 'n ander geloofstradisie as jyself kom.

## 5 Pinkster 2016 – die krag van gebed

Ek is oortuig dat ons 'n nuwe ervaring van die krag van gebed hierdie Pinkster gaan hê. Ons kerk het in die negentiende eeu 'n ongekende herlewing beleef ná dekades

van gebedsvoorbereiding. Toe die kerk in groot getalle begin bid het, het dit nie net nuwe lewe gebring in gemeentes nie, die genade van God het oor die grense van ons gemeentes ingevloei regdeur die hele kontinent.

Ek was onlangs op Wellington en is net weer blootgestel aan die omvattende visie en geestelike krag wat uit die bediening van Andrew Murray voortgespruit het. Hierdie gebedsreus het nie net miljoene mense met sy meer as 200 boeke geïnspireer die afgelope twee eeue nie, maar hy het onvermoeid gewerk aan die opheffing van armoede en die opleiding van vroue. Sy visie vir sending, gewortel in sy vertroue in die voorsienigheid van God, het gelei daartoe dat meer as 500 sendelinge opgelei en uitgestuur is tydens sy bediening! Sy nalatenskap is dat tientalle kerke in Afrika geplant is, talle skole tot stand gekom het, o.a. Grey Kollege in Bloemfontein, en verskeie kolleges vir onderwys en maatskaplike werk gestig is. Kragtig!

Ons fokus daarom op gebed hierdie Pinkster 2016. Dieselfde Here wat Andrew Murray geïnspireer en gestuur het, is ook aan die werk in ons lewens. Om ons te help, gebruik ek die sewe Psalms wat met die sabbatsweek geassosieer is, die tyd voor die eerste Pinksteruitstorting. Ek gee dié boekie uit sodat jy dié Psalms kan voorberei deur dit vooraf te lees en oordink aan die hand van die paar opmerkings wat ek daaroor maak. Daar is ook ‘n kort boodskap wat die essensie van die Psalm saamvat.

By elke Pinksterdiens gaan ek weereens die Psalm lees en ‘n kort boodskap daaroor lewer. Daarna gaan ons in gebed verkeer, soos die dissipels, meesal persoonlik, maar ook gesamentlik, sodat ons die krag van gebed eerstehands kan ervaar en soos die dissipels die wonder van die belewenis van die krag van die Heilige Gees kan ervaar.

Met **hemelvaart** – 5 Mei – gaan ons ook ‘n Psalm gebruik, een wat met hemelvaart verbind word, **Psalm 47**.

## 6 Materiaal vir kleingroepe

Kleingroepe kan in die week van 2 tot 8 Mei met die bekende metodiek **Psalm 24** gebruik, en die week van 9 tot 15 Mei **Psalm 92**. Dit is nou benewens die boekie ***Kragtig*** wat ons gebruik vir die res van die kwartaal en fokus op die vervulling met die Heilige Gees volgens die brief aan die Efesiërs. Dit is by die kerkkantoor beskikbaar.

Julle ken die fases van die Seisoen van Luister se luistersiklus al goed. Ons ***Ontvang*** eers die rus wat die Here gee veral deur die eerste vers in die Psalm te oordink, soos telkens in dié boekie aangehaal word. Dan ***Ontgin*** ons die betekenis van die hele teks deur die hele Psalm in konteks te lees en met mekaar te deel wat ons daarin tref

en veral wat ons van die krag van gebed daarin leer. Ons sluit af met die ***Ontplooi*** deel waar ons nadink oor wat die Here nou vir ons gee, belowe of van ons verwag, en antwoord Hom in gebed en met gehoorsaamheid.

## 7 Psalm 24 – om in God se teenwoordigheid tot rus te kom

**Psalm 24:** "*Aan die Here behoort die aarde en alles daarop*" is op Sondag – vir ons doel fokus ons **Sondagoggend** daarop – gebid met verwysing na die eerste dag van die Skepping, die dag waarop God die hemel en aarde gemaak het en lig en donker geskei het.

Hierdie Psalm word ten nouste met die ark verbind.[1] Blykbaar is hierdie psalm op twee maniere gebruik met betrekking tot die ark.

- Eerstens is dit gesing op die eerste dag van die week, om die feit dat die ark 'n rusplek in Jerusalem gekry het, te vier.
- En tweedens is dit gesing tydens die optog, wanneer die leërs terugkom van die oorlog af, en hulle die oorwinning kom vier.

Dit is dus 'n Psalm vir die *tot-rus-kom*, vir die *tuiskoms* van die ark, sowel as die viering van God se *voortdurende teenwoordigheid* by sy volk.

Die Psalm is ook herhaaldelik by die tempel opgevoer.

- In so 'n opvoering het die mense aan die buitekant van die tempelpoort uitgeroep dat die poort moet oopgaan sodat die magtige Koning kan ingaan.
- Dan het die priesters aan die binnekant gevra: "wie is hierdie magtige Koning?" en
- die mense buite het geantwoord: "Die Here, sterk en geweldig, die Here, oorwinnaar in elke stryd."
- Dan het die tempelpoort oopgegaan as simbool dat die Here nou by sy mense is.

---

[1] Die ark van die Here het 'n besondere geskiedenis. Nie net het dit die sigbare teenwoordigheid van die Here in die woestyn voorgestel nie. Nie net het dit 'n plek in die heiligdom gehad, in die Allerheiligste deel, nie. Nee, dit was ook die sigbare teenwoordigheid van die Here as Israel geveg het. In die tyd van Dawid het die ark 'n rusplek in Jerusalem gekry by die aanvang van sy regering (2 Sam 6). Hier het dit dan gestaan, behalwe as dit tydens 'n oorlog saam met die leër geneem is (2 Sam 11). Elke keer as hulle dan weer terugkom van die oorlog af, het hulle die ark op feestelike wyse in die stad ingeneem (2 Sam 6:5,13).

Die boodskap van die Psalm is daarom tweërlei. Aan die een kant bevestig dit aan die gemeenskap van Israel dat: *alles behoort aan die Here*. Aan die ander kant verseker dit die mense wat in Sy teenwoordigheid wil lewe: *dié God seën sy mense*.

- Let op hoe die fokus in die Psalm spring na die berg van die Here, die Sionsberg, waarheen die ark nou sy terugkeer maak.
- En die vraag word van binne af vir almal gevra, "Wie mag die berg van die Here opgaan, en en wie mag in sy heiligdom gaan staan?"
- En die antwoord kom van die singende skare: "Dié een wie se hande rein en wie se hart suiwer is, wat alle bedrog vermy en geen vals eed aflê nie."
- En dan bely hulle saam: "So iemand sal van die Here seën ontvang, en God, sy redder, sal reg aan hom laat geskied."
- Dit is die erfenis van mense wat na God se wil vra en Hom dien, dit is hulle wat die ware nageslag van Jakob is en in God se teenwoordigheid mag ingaan.

'n Wonderlike motivering. God seën sy mense, Hy bring vir hulle vrede en Hy bring vir hulle rus. Soos Jesus hierna sou sê: Kom na My toe almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal vir julle rus gee.

Maar daar is ook 'n derde boodskap wat eintlik die hoogtepunt van die Psalm is**.** Die Psalmis laat die fokus weer terugspring na die Here self, want Hý is die eintlike koning van Israel. Dit is Hý wat die oorwinning gegee het, en dit is Hý wat geloof moet word. En soos die ark dan ingedra is in die tent wat daarvoor opgerig is, en dit in die heiligdom neergesit is, kom Israel tot rus. God is hier, en ons is hier, veilig, vertroos, versorg.

Die Psalm het ook 'n besonder betekenis vir 'n familie in ons gemeente. In die laaste ure van 'n besondere man in ons gemeente, het sy familie hierdie Psalm gelees, waarna hy: "Amen, Amen" geroep het, vertel het dat hy die Here Jesus sien en toe gesterf het. Ek kon nie anders as om te wonder of dit nie hierdie keer hy was wat by die hemelse deur gekom het, en daar van binne-af gevra is, wie is daar, en hy kon antwoord, dit is U kind, Here. En die deur het vir hom oopgegaan en hy het daar sy rusplek gekry.

**Boodskap van die Psalm**

Die Psalm bevestig eerstens aan ons dat alles aan die Here behoort. Alles. In die hemel en op aarde. Die Psalm verseker ons tweedens ook dat die Here dié mense seën wat in sy teenwoordigheid wil lewe. Almal. Waar hulle ook al mag wees. Die Psalm verseker ons derdens dat dié God hier is, en dat ons veilig, vertroos en versorg is in sy teenwoordigheid. Laat dié drie gedagtes jou binnekant tot rus bring en vol van die genade van die Here maak.

## 8 Psalm 48 – om van God se leiding bewus te word

**Psalm 48:** "*Groot is die Here en besonder lofwaardig*" is op Maandag – vir ons doel fokus ons **Sondagaand** daarop – gebid met verwysing na die tweede dag van die Skepping, die dag waarop God die hemel en die aarde geskei het.

**God sal ons altyd lei**

Hierdie Psalm besing met passie die berg van die Here in Jerusalem, Sion, soos ook in 'n hele paar ander Psalms gedoen word (Ps. 76, 84, 87, 122). Op 'n dieper vlak gaan dit egter natuurlik oor God self wat lofwaardig oor die hele aarde is. Dit is Sy teenwoordigheid wat met Sion geassosieer word waardeur Sion 'n simbool van God self geword het.

Die Psalm het 4 dele:

1. **God se grootheid** word besing soos dit gesimboliseer word deur Sion – vers 2-3. Let op dat die grootsheid daarvan nie net bedoel is vir die volk van God nie, maar as vreugde vir die hele aarde. Jesus het in die Bergrede 'n frase uit vers 2 gebruik om God se verbintenis aan Jerusalem te beskrywe: *"die stad van die groot Koning"* (Matt. 5:35).
2. **God se beskerming** vanaf Sion word geloof aan die hand van konkrete ervarings daarvan, beide in die verlede as in die hede – vers 4-9. Die effek van God se beskerming op die nasies word met twee metafore geteken, dié van 'n vrou in barensnood en dié van die skepe van Tarsis wat met die oostewind vergaan. Die wonder van persoonlike ervarings wat die stories uit die verlede rugsteun val 'n mens op. Let ook op hoe verskillend gelowiges se ervaring is as hulle Sion sien. Hulle is bly as hulle Sion sien, terwyl die nasies bang word by dieselfde ervaring.
3. **God se trou** word oordink in die tempel op Sion as 'n getuienis vir die nasies van die aarde en almal aangemoedig om daaroor bly te wees – vers 10-12.
4. **God se leiding** word bewonder as getuienis vir die volgende geslag van God se mense – vers 13-15. *"Dié God is ons God vir altyd; Hy sal ons altyd lei."*

Daarmee word vier van God se belangrikste eienskappe geteken wat ook vir ons in ons gebede en lewe voor God kan inspireer: God is *groot*, God *beskerm*, God is *betroubaar*, God *lei sy mense*.

**Boodskap van die Psalm**

Die Psalm besing God se grootheid, beskerming, trou en leiding. Dít is wie God is. Dít is wat God vir jou wil wees. Hy wil hê dat jy in sy grootheid vreugde sal vind. Hy wil hê dat jy in sy beskerming veiligheid sal vind. Hy wil hê dat jy in sy trou moed sal

skep.  Hy wil hê dat jy op sy leiding sal vertrou vir jou lewe. Dít is die dinge wat jou gebed en jou lewe moet inspireer: God is groot, God beskerm, God is betroubaar, God lei sy mense.

Neem genoeg tyd om God vir sy grootheid te loof, Hom te dank vir sy beskerming, na te dink oor sy betroubaarheid en leiding in verskillende situasies waardeur jy al gekom het en jou verbintenis aan Hom in die woorde van vers 15 te bevestig: *"Dié God is ons God vir altyd; Hy sal ons altyd lei."*

# 9 Psalm 82 – om van God se handhawing van die reg in die hemel bewus te word

**Psalm 82:** "*God staan op in die vergadering van die gode*" is op Dinsdag – vir ons doel fokus ons **Maandagaand** daarop – gebid met verwysing na die derde dag van die Skepping, die dag waarop God die aarde van die see geskei het om die aarde voor te berei vir die plantegroei in sy verskeidenheid.

**Staan op, o God, oordeel die aarde**

Dit is 'n kort Psalm, maar een wat soos geen ander Psalm is nie. Wat uitstaan van die Psalm is dat dit 'n direkte visioen op 'n "*hemelse vergadering*" bevat: "*God staan op in die vergadering van die gode ...*" (vers 1-7) as aanleiding en motivering tot 'n gebed wat die Psalm afrond: "*Kom tog, o God! Lewer uitspraak ...*" (vers 8). Dit is ook die struktuur en indeling van die Psalm.

Soortgelyke verwysings na hierdie tipe "*hemelse vergadering*" kom voor in:

- die **verhalende gedeeltes** van die OT: 1 Kon. 22:19–23 – met die raaiselagtige optrede van die "*gees*" wat in die gedaante van 'n "*leuengees*" Agab in 'n ramp inlei,
- die **wysheidsliteratuur**: Job 1:6–12; 2:1–6 – die bekende tonele waar die Satan voor God verskyn – sowel as in die laaste deel van die boek waar God met Job praat (38:7),
- die **profete**: Jes. 6:1–13 – Jesaja se troonvisie waar die serafs optree (vgl. ook Jes. 40:1–8 en Sag. 1:7–17; 3:1–5), en natuurlik ook
- die **Openbaring** aan Johannes (Openb. 4 en verder in verskeie tonele).

Maar, dié vergadering in die Psalm is tog anders. Dit lyk asof God die vergadering as't ware "*gatecrash*", want Hy sit nie soos dit normaalweg in die ander hemelse visioene die geval is nie. Hy *staan* en vat die "*gode*" ernstig aan oor hulle vergrype en agtelosigheid en beëindig hulle status en invloed (vers 2-7).

**Die vraag is dus wie dié "*gode*" is?**

1. Sommige interpreteer die "*gode*" as **mense**, en dink dat die "*gode*" verbind kan word met regters of amptenare voor wie die volk vir allerlei uitsprake en handelinge moes verskyn. So interpreteer baie dit op grond van bv. Eks. 21:6 waar ook van "*gode*" gepraat word en 'n eienaar beveel word om sy slaaf "*in die teenwoordigheid van God (of gode)*" te bring. Die Hebreeuse woord *êlôhîm* word ook daar gebruik (vgl. ook Eks. 22:6–7, 8, 27; 1 Sam. 2:25 vir soortgelyke gevalle). Die woord "*God*" of "*gode*" kan dan as "*owerhede*" vertaal word soos dit in die 1933 vertaling gedoen is, asook in die Talmoed, die Joodse kommentaar op die OT.

Jesus se aanhaling van die Psalm in Johannes 10:34 berus waarskynlik op die Talmoed se interpretasie van die Psalm. Hy interpreteer dié "*gode*" ook as mense in sy gesprek met die Fariseërs.

Daar is egter ander geleerdes wat sê dat dit eintlik meer sin maak dat die teks in Eksodus 21 met 'n transaksie in die tabernakel/tempel te make het wat heel tereg "*in die teenwoordigheid van God*" gebeur, omdat die handeling immers eerder religieus as geregtelik van aard was. Regters was nie daarvoor nodig nie, eerder priesters. Dit beteken ook dat die woord *êlôhîm* in sy meer gebruiklike betekenis as God gebruik word. Daar is ook genoeg ander Bybelse getuienis wat die bestaan en werk van 'n "*hemelse vergadering*" bevestig, soos hierbo aangedui.

2. Ander interpreteer die "*gode*" in die Psalm as hemelse wesens in die lig van God se optrede om dié vergadering te "*gatecrash*". Hulle kan dus as **afgode** geïnterpreteer word, bv. die Kanaänitiese groep afgode, soos die NET Bible dit interpreteer op voetspoor van Van Gemeren se kommentaar op die Psalms.

Indien dié interpretasie geldig is, teken die Psalm vir God as die een wat die afgode se wanpraktyke, onreg, partydigheid en duistere praktyke aan die kaak stel en hulle tot niet maak, soos mense laat uitsterf en soos leiers van hulle magsposisie beroof (vers 7).

3. Dit is egter ook baie duidelik uit die konteks van die Psalm dat hulle werk 'n bepalende effek op menslike lewens gehad het. In 'n oordragtelike sin dui die "*gode*" dus *ook* op mense wat in magsposisies is – soos in die regspraak en die regering – en dat hulle daaroor aangespreek kan word.

| |
|---|
| In 'n seker sin dui die "*gode*" dus op **afgode en mense** wat in gemeenskap met mekaar boosheid bedryf (Tate). |

**Vertaling**

Omdat daar belangrike verskille is tussen die 1983 en 2014 vertalings, plaas ek dit hier langs mekaar sodat jy van die meer presiese betekenisse kan lees – bv. "*vergadering van die gode*" i.p.v. "*hemelse vergadering*"; "*vaderloses*" i.p.v. "*weeskind*"; "*magteloses*" i.p.v. "*hulpeloses*"; "*verarmdes*" i.p.v. "*behoeftige*" ensomeer:

| 1983 vertaling | 2014 vertaling |
|---|---|
| 82 'n Psalm van Asaf.<br><br>In die hemelse vergadering, tussen die hemelwesens, staan God op om uitspraak te lewer: | 82 'n Psalm van Asaf.<br><br>God staan op op die vergadering van die gode; in die teenwoordigheid van die gode lewer Hy uitspraak: |

| | |
|---|---|
| [2]"Hoe lank gaan julle nog onregverdige beslissings vel, nog partydig wees vir die goddelose? Sela | [2]"Hoe lank gaan julle nog onregverdig oordeel en vir goddelose mense partydig wees? Sela |
| [3]Julle moet reg laat geskied aan die mens in nood en aan die weeskind, 'n regverdige uitspraak vir die hulpelose en die behoeftige lewer, | [3]Handhaaf die reg van hulpeloses en vaderloses; laat reg geskied aan die magteloses en verarmdes. |
| [4]julle moet die mens in nood en die arme bevry, hulle uit die mag van die goddelose red; | [4]Bevry die hulpeloses en behoeftiges, red hulle uit die mag van goddelose mense. |
| [5]maar julle weet niks, julle verstaan niks, julle gaan eenvoudig in duisternis voort, en so word die fondamente van die wêreld geskud. | [5]"Hulle (*verwys na die afgode*) weet niks en hulle verstaan nie, hulle verkeer in die duister. Al die fondamente van die aarde wankel. |
| [6]Ek het wel gesê: Julle is almal gode, almal met mag beklee. | [6]"Ek het self gesê julle is gode, seuns van die Allerhoogste, julle almal. |
| [7]Maar nou, julle sal elkeen sterwe soos 'n mens en aan julle einde kom soos enige maghebber." | [7]Maar, soos mense (*dit kan ook na Adam verwys*) sal julle sterf, soos enige leier sal julle val." |
| [8]Kom tog, o God! Lewer uitspraak oor die wêreld, want al die nasies behoort aan U. | [8]Staan op, o God, oordeel die aarde, want U het besitreg oor al die nasies. |

**Boodskap van die Psalm**

Of dié Psalm nou oor mense praat in magsposisies, of van afgode, of van beide mense en afgode, die boodskap is duidelik: **God tree op namens hulpeloses, vaderloses, magteloses, verarmdes, hulpeloses en behoeftiges.** Hoekom? Want Hy het besitreg oor die aarde en al die nasies. Hy is nie onregverdig en partydig nie. Hy handhaaf die reg en Hy laat reg geskied. Hy wil hê dat hulpeloses en behoeftiges bevry word en uit die mag van goddelose mense gered word. En almal wat aan Hom verbind is, moet met Hom daarin saamwerk.

Anders wankel die fondamente van die aarde – 'n metafoor vir die gemeenskap wat in anargie en wetteloosheid verval en van die wêreld 'n onveilige, onbarmhartige plek maak.

Dít moet dus ons gebed word – dat God sy besitreg inderdaad sal uitoefen tot bevryding en redding van hulpeloses en behoeftiges. "*Staan op, o God ...*" Stel dinge reg. En as kerk moet ons self opstaan en ons daarvoor beywer in gehoorsaamheid aan God.

## 10 Psalm 94 – om van God se handhawing van die reg op die aarde bewus te word

**Psalm 94:** "*O God wat vergeld*" is op Woensdag – vir ons doel fokus ons **Dinsdagaand** daarop – gebid met verwysing na die vierde dag van die Skepping waarop Hy die son en die maan en die sterre gemaak het.

**U wat onreg straf, verskyn tog!**

Hierdie Psalm is bedoel as 'n versekering en bemoediging vir die geloofsgemeenskap wat smag na reg en geregtigheid op aarde. Die lerende inhoud en vloei daarvan in vier duidelike dele dui waarskynlik op 'n liturgiese preek-Psalm. Die Psalm kan as volg opgedeel word:

- **Belydenis** oor God se Regterskap as appèl aan Hom dat Hy moet optree – vers 1–7;
- **Appèl** gerig aan die onverstandiges en dwase – vers 8–11;
- **Bemoediging** van dié wat op God se woord bly vertrou – vers 12–15;
- **Gebed** dat God teen korrupte regters sal optree– vers 16–23.

**BELYDENIS: "U wat onreg straf, verskyn tog!" – vers 1–7**

Die Psalm begin met die belydenis oor en appèl op God: "*Here, God wat onreg straf, U wat onreg straf, verskyn tog!*" (vers 1). Daarin lê die boodskap en krag van die Psalm. Die 2014 vertaling vertaal "*wat onreg straf*" met "*wat vergeld*" wat heel korrek op die omkeer van die situasie dui, wat dié wat onreg pleeg hulle "*verdiende loon*" gee.

"*Kom, Regter Van die aarde, reken af met die mense wat hulle teen U verhef*." (vers 2). Die Psalmis gebruik hier 'n baie belangrike titel vir God wat sy reg oor almal op die aarde beskryf: "*Regter van die aarde*." Dit is omdat God die reg oor die hele aarde het as Skepper, dat Hy vir die handhawing van die reg oor die hele aarde gevra kan word. Dié gebed maak dus staat op die uitvoering van God se regsheerskappy oor alles wat leef en beef.

Die Psalm is daarom ook gemik téén dié mense wat God se reg dwarsboom, dié wat hulle teen Hom verhef (vers 2 – "hoogmoediges" – 2014 vertaling), dié wat hulle verlustig in die leed van ander mense (vers 3), dié wat oorkook van vermetelheid ("*woorde onbeskaamd laat uitborrel*" vertaal die 2014 vertaling!) deurdat hulle spog met die onreg wat hulle begaan (vers 4). En dan lys die Psalmis die mense wat daardeur getref word: die weduwees, vreemdelinge, en weeskinders (vers 6).

Let op dat dit die weerloses in die gemeenskap is wat genoem word, dié wat óf hulle versorgingsisteem verloor het – weduwees en weeskinders – óf dié wat inkommers is

en sukkel om deel van die gemeenskap te word – vreemdelinge (weens politieke of ekonomiese redes – lees wat Lev. 19:34 daaroor te sê het). Let ook op die solidariteit na beide kante toe. Dié weerloses skaar hulle by die volk van God en die Psalmis reken hulle as deel van die volk van God, hulle is deel van God se "erfdeel" (2014 se vertaling van "*wat aan U behoort*"). Belangrik!

"Dan sê hulle nog: 'Die Here sien dit nie, die God van Jakob merk dit nie op nie.'" (vers 7 – 2014 vertaling).

**APPÈL: "Sien dit tog in, julle onverstandiges onder die volk!" – vers 8–11**

Hier sien ons dat die *goddeloses* en *onverstandiges* deel van die Godsvolk is. Daarom kan dié Psalm ook aan hulle gerig word. Hulle word as onverstandig en dwaas uitgekryt, omdat hulle twee goed van God nie verstaan nie.

1. **God het hulle gemaak** – ore, oë, gedagtes. Hy weet aan die een kant daarom op intieme wyse presies hoe hulle is en wat hulle hoor, sien en dink. In 'n sekere sin beteken dié gedagtes nie veel nie, want die Here weet "*dat dit nietigheid is*" (vers 11 – 2014 vertaling – 1983 het: "*dit beteken niks*" wat miskien 'n bietjie oordadig is!). Maar, dit beteken aan die ander kant ook dat God kan sien, hoor en dink, asof dit nodig is om dit te onderstreep!
2. **God is die hele tyd betrokke by mense**, regoor die wêreld, in elke nasie. Hoe? Om mense op te voed, te onderrig en kennis mee te deel, sê Psalm 94. Ons hoor hier iets van Psalm 19 se onderrig wat vanuit die Skepping uitgaan. Ek het vroeër hieroor geskryf by bybelskool.com onder die titel: *Psalm 19 – God bestaan en God praat met ons*.

**BEMOEDIGING: "Hoe gelukkig is die mens vir wie U teregwys, Here" – vers 12–15**

Die Psalmis rig hom vervolgens op diegene wat bereid is om te luister na wat hy te sê het, dié wat hulle deur God wil laat opvoed ("*teregwys*" – 2014 vertaling). Dié onderrig kom uit die "*woord*" ("*wet*" in die oorspronklike teks), waarin die ander deel van Psalm 19 in herinnering geroep word. Sulke mense sal nie net gelukkig wees nie, maar ook rus kry na tye van teëspoed ("*onheilsdae*" – 2014 vertaling) as die Here optree teen dié wat goddeloos opgetree het.

'n Wonderlike belofte van die Here om aan vas te hou in tye van teëspoed! Die Here sal sy volk nie in die steek laat nie, daarop kan die volk vertrou. "*Sy erfdeel sal Hy nie laat vaar nie*." (vers 14 – 2014 vertaling). Die regspraak sal weer regverdig wees en "*almal met opregte harte sal dit steun*" (vers 15 – 2014 vertaling).

**GEBED: Die Here ons God sal korrupte regters vernietig – vers 16–23**

Ná die interne aanspreek van die onverstandiges en die bemoediging van die opregtes, wend die Psalmis hom teen dié plek waar onreg die meeste gedy, die korrupsie van dié wat verantwoordelik is vir die regspraak, die regters. Hy noem dit "*die setel van vernietiging*" (2014 vertaling – vgl. vers 15 waar dit reeds aangeraak is), mense wat God se duidelike uitsprake in sy wet skade aandoen.

Hy vra dus die retoriese vraag: "*Wie sal vir my opstaan teen kwaaddoeners?*" (vers 16 – 2014 vertaling). En antwoord dit met die getuienis dat dit uiteindelik net God self is wat kan en sal help. Anders was die stilte van die graf immers lankal reeds sy tuiste. Dit was juis toe hy gedink het dat sy voete gly ("*gaan swik*" – 2014 vertaling) dat die Here se troue liefde hom ondersteun het. Selfs wanneer hy baie onrus in sy binneste ervaar, ontstellende gedagtes wat vermeerder en hom sy rus ontneem, is dit God se ondersteunende vertroosting wat hom tot bedaring bring.

Laat my dink aan wat Paulus veel later sou skryf in Filippense 4:6–7. Ek het daaroor die volgende geskryf:

"Met hierdie gedagtes oor God se nabyheid as begronding vir hulle vreugde en inskiklikheid, is dit geen wonder dat Paulus daarvandaan beweeg na die gemeente se behoeftes en besorgdhede nie. Omdat God naby is, kan hulle oor alles en in alle omstandighede na Hom toe gaan in gebed.

Letterlik staan daar in vers 6: "maak in alles (*alle situasies*) julle versoeke (*aitema*) bekend aan God deur gebede (*proseuche*) en versoeke/petisies (*deesis*) met danksegging (*eucharistie).*"

Die verskillende woorde vir gebed in die vers moenie te veel onderskei word nie, omdat dit eintlik as sinonieme gelees kan word. Die punt van die vers is eintlik net om duidelik te sê: angstigheid oor allerlei word deur voortdurende veelvuldige versoeke verlig!

Die aanmoediging tot gebed word opgevolg met een van die mees ongelooflike beloftes wat Paulus gee, letterlik vertaal: "gevolglik sal die vrede (*eirene*) van God, wat alle begrip/denke (*nous)* te bowe gaan, oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus".

Dit is die enigste plek in die NT waar só van "die vrede van God" gepraat word. Paulus bedoel hier nie die vrede *met* God nie, maar die vrede *van* God, die vrede wat Hy self het, die vrede wat Hy self is, die vermoë wat Hy het om nie angstig te raak oor allerlei nie, maar in beheer en veral getrou aan Homself te bly.

Dít is wat die harte en gedagtes van die gemeente sal bewaar. En dié vrede gaan alle denke te bowe – dit bedoel letterlik dat dit iets is wat beter is as die beste

beplanning!  Ons gedagtes en emosies is soos ‘n oorlogsterrein wat God sal beskerm teen angstigheid en chaos.”

Lees meer by my bydrae by bybelskool.com onder die titel: Filippense 4:2-23 – Om saam in die Here te wees, bid en leef.

Terug by die Psalm – die Here duld nie korrupsie in die regspraak nie; Hy wil nie hê dat enigiemand ellende aangedoen word nie.  Daarom is Hy self ’n toevlugsoord, ’n veilige vesting, ’n rots by wie gelowiges kan skuiling soek en vind.  Hy is die een die onregverdiges sal laat boet vir hulle onregverdige dade, wat hulle sal verdelg oor hulle boosheid. Trouens: “*met hulle kwaad sal Hy hulle vernietig*,” (vers 23b – 2014 vertaling), d.w.s. hulle sal val deur hulle eie toedoen.

**Die boodskap van die Psalm**

Die Psalm bring groot rus in ‘n mens se gemoed.  Net soos God die reg in die heelal handhaaf, só doen Hy dit op aarde.  Ons mag dus die gebed in die Ons Vader bid: “*Laat u wil geskied, soos in die hemel, so ook op die aarde*.” (Matt. 6:10b).  En ons mag God vertrou dat Hy dit in spesifieke sake sal doen, bv. in hoe regspraak uitgeoefen word.

Selfs as dinge op die korttermyn nie uitwerk nie, bly Hyself vir ons ’n toevlug – Fil. 4:6–7 bring ‘n mens tot rus! – en gee Hy rus van die ontstellende gedagtes wat in ons binneste vermenigvuldig (vers 19), en beur ons op deur sy vertroosting, NT gesproke deur die Vertrooster, die Heilige Gees.  Die vrede van God sal oor ons gevoelens en gedagtes die wag hou, belowe Paulus ons.

Neem dié vers met jou mee: “Wanneer ontstellende gedagtes meer word in my binneste, dan beur u vertroosting my op.” (vers 19 – 2014 vertaling).

## 11 Psalm 81 – om van God se oorvloedige sorg bewus te word

**Psalm 81:** "*Juig tot eer van God, ons krag*" is op Donderdag – vir ons doel fokus ons **Woensdagaand** daarop – gebid met verwysing na die vyfde dag van die Skepping waarop die voëls en die visse gemaak is om sy Naam te prys.

**Maak jy jou mond wyd oop, dan vul Ek dit!**

Psalm 81 is weereens 'n "*liturgiese preek*" wat:

- 'n oproep tot **lof** bevat (vers 2-6),
- 'n lerende gedeelte (**preek**) wat God se voorsiening, die volk se koppigheid, maar ook God se gereedheid om te help as hulle sou luister op die tafel sit (vers 7-15) en
- 'n **appèl** aan die einde om die Here te dien insluit, omdat dit God se voorsiening vir hulle sal ontsluit (16-17).

**Jubel tot eer van God ons sterkte – vers 2-6**

Dis interessant dat lof meermale die eerste oproep aan die volk van God is, selfs wanneer daar spesifieke dinge is wat aangespreek moet word. Lofprysing kom voor skuldbelydenis, soos dit ook in die verhaal van die teruggekeerde ballinge in Nehemia 8 die geval was. Hulle moes hulle hartseer bedwing nadat die Woord hulle aangespreek het en eers die Here loof en prys, vóór hulle in skuldbelydenis en boetedoening voor Hom vergader het.

Israel word hier tot feestelike lofprysing aangemoedig met sang, tamboeryne, liere en harpe op hulle onderskeie feeste. Die ramshoring moet geblaas word om die verskillende feeste aan te kondig: nuwemaan, volmaan en so meer (vgl. Paulus wat sê dat dít in die nuwe bedeling tot 'n einde gekom het – Kol. 2:16). Dit is God se instelling wat as dure plig op hulle gelê is reeds van die begin van hulle roeping as Godsvolk.

Vers 6b lui eintlik soos volg: "*In 'n taal wat ek nie ken nie, hoor ek* ..." (2014 vertaling) wat dui op die feit dat die liturg (profeet/priester) 'n openbaring van God ontvang het wat hy nou aan die volk meedeel as gesaghebbende woord van God.

**Israel, luister na My – vers 7-15**

God se boodskap word dan in drie dele gelewer: God se oorvloedige voorsiening in die verlede (vers 7-11), die volk se koppigheid om na Hom te luister (vers 12-13) en God se gereedheid om te help as hulle sou luister (vers 14-15).

Let op hoe die swaar tyd in Egipte in herinnering geroep word met die metafoor van die mandjies wat hulle kon neersit, waarmee God se verlossing uit Egipte geteken

word. Die gawe van die wet in die woestyn word met die stem uit die donderwolk geskets, die teenstand van die volk met die versoeking by Meriba. Die wet self word in herinnering geroep met die verwysing na die eerste twee gebooie (vers 10).

Maar ná die geskiedenisles van God se voorsiening verander die fokus na die bevestiging van ’n belofte wat steeds vir hulle geld: “*Maak jy jou mond wyd oop, dan vul Ek dit*.” Die uitnodiging is dus vir elkeen wat na dié woord luister en daarop reageer, ook vandag nog.

Dan word teruggegaan na die geskiedenis van Israel se koppigheid wat nie na God wou luister nie en daarom deur die Here gelos is om hulle eie kop te volg, al was dit tot hulle skade.

Tóg is die Here onmiddellik gereed om te help as hulle maar net wou luister. Hy sal dan verseker ingryp en hulle vyande verslaan.

**God sal julle voed met die beste koring – vers 16-17**

Die liturg sluit af met die appèl op die volk om te kies om na Hom te luister (vers 16-17). “Dié wat voorgee dat hulle die Here dien, maar Hom haat, hulle straf sal vir altyd duur.” “Maar vir julle sal Hy voed met die beste koring, julle versadig met heuning uit ’n rots.”

**Die boodskap van die Psalm**

Dit is onmoontlik om dié Psalm te lees sonder om die verhaal van George Müller te onthou. Ek haal uit die “*Bybel vir die Lewe. 24/7*” ’n kort deel van sy lewensverhaal aan:

“1835 was ’n slegte jaar vir die Müllers. George se vrou, Mary, se pa is oorlede en hulle vyftien maande oue babaseun het siek geraak en gesterf. Mary was depressief en George het erge maagprobleme ontwikkel. Die ergste was dat hulle geen geld oor gehad het nie. In hierdie tyd het hy en sy vrou ’n sagte hart ontwikkel vir al die weeskinders in Engeland, maar hoe begin jy ’n kinderhuis sonder geld? **Toe lees George Psalm 81:11.** Hy het op God alleen vertrou en nooit in al sy jare vir iemand geld gevra nie. Die Here het gesorg dat hy in sy leeftyd vir 10 000 weeskinders kon omgee.” (my beklemtoning)

Inderdaad: “*Wat julle nodig het, sal Ek in oorvloed gee*” (vers 11). ’n Belofte uit dié Psalm wat menige lewe al aangeraak en verander het. Trouens, in die oorspronklike Hebreeus staan daar: “*Maak jy jou mond wyd oop, dan vul Ek dit*”! Die prentjie van ’n klein voëltjie in ’n nessie wat wag vir die kos wat sy ma of pa bring, inspireer my verbeelding om dieselfde, en méér, van God te verwag!

Gaan die lewe tegemoet met die belofte van die Here: “*Maak jy jou mond wyd oop, dan vul Ek dit*”!

## 12 Psalm 93 – om van God se onwankelbare koningskap bewus te word

**Psalm 93:** "*Die Here regeer, Hy is met majesteit beklee*" is op Vrydag – vir ons doel fokus ons **Donderdagaand** daarop – gebid met verwysing na die sesde dag van die Skepping waarop die diere en die mens as God se verteenwoordiger gemaak is, en God sy werk voltooi het.

**God is Koning oor die wêreld en in die geloofsgemeenskap**

Hierdie Psalm vier God se heerskappy oor die chaosmagte wat stabiliteit gebring het oor die **wêreld** (vers 1–4) sowel as sekuriteit in die **geloofsgemeenskap** (vers 5). Dit resoneer met die gedagte van die rus waarvan Gen. 2:1 praat wat beide 'n Goddelike dimensie as 'n menslike dimensie het. Dit is waarom dié Psalm dan ook met die "sabbatsweek" geassosieer is (vgl. my bydrae oor Psalm 92 by bybelskool.com).

**Die Here is Koning oor die wêreld – vers 1–4**

Let op hoe God se koningskap van ouds af geteken word: "*U troon staan vas van vroeg af; U is van ewigheid af*." (2014 vertaling). Hy is omgord met krag en majesteit.

Die druising van die "riviere" staan vir beide die geraas van "*baie waters*" (vers 4; vgl. Gen. 1:2) wat die oerchaos waaruit God geskep het, in herinnering roep, sowel as vir die geraas van die nasies (Jes. 17:12 – vgl. Ps. 2). God troon dus oor die skepping sowel as oor die mensdom.

**Die Here is Koning in die geloofsgemeenskap – vers 5**

Dieselfde God is ook Koning in die geloofsgemeenskap. Daarom kan 'n mens sy riglyne vir die lewe (*verordeninge* [1983 vertaling] of *bepalings* [2014 vertaling]) navolg, want nie net staan dit vas nie, dit is ook betroubaar, want dit bring sekuriteit, stabiliteit en rus vir en in die geloofsgemeenskap.

Om die waarheid te sê, die tempel word op ander plekke ook God se rusplek genoem (bv. Ps. 132:14: "*Dit is my rusplek vir altyd; hier wil Ek woon, dit is my begeerte*."). Daarom is heiligheid iets wat pas nie net by sy huis nie, maar ook in die lewe van sy mense. Sy bepalings sal dus tot in lengte van dae nie net van krag bly nie, maar van betekenis vir alle gelowiges bly.

**Die boodskap van die Psalm**

Die Psalm leer 'n mens dat God vir stabiliteit in die wêreld en sekuriteit in die geloofsgemeenskap sorg. Daarvoor kan 'n mens Hom vertrou. Dit kan 'n mens ook van Hom vra. Daarom kan jy ook jouself gee vir sy riglyne vir die lewe, want dit is in

Sy teenwoordigheid wat jyself en die geloofsgemeenskap betekenis en sin vind.  En dit is ’n boodskap wat dié wêreld moet hoor.

## 13 Psalm 92 – om van God se liefde en trou bewus te word

**Psalm 92:** "*'n Psalm, 'n lied vir die Sabbatdag*" is op die Saterdag, die Sabbat – vir ons doel fokus ons **Sondagoggend** met Pinksterfees daarop – gebid met verwysing na die sewende dag van die Skepping, dié dag wat steeds voortduur in die rus wat God is en gee.

**Groots is alles wat U doen, Here**

*'n Lied vir die sabbatdag*

Die titel val op – "*n Lied vir die sabbatdag*" – die enigste Psalm in die Hebreeuse grondteks wat só 'n titel het.

Sommige gemeentes en Christelike organisasies het 'n gebruik om elke sewende week 'n *sabbatsweek* te neem. Dit beteken dat hulle vir 'n week lank alle aand aktiwiteite van die gemeente staak. Dié tyd word dan gebruik vir familie- en gesinstyd weg van die georganiseerde aktiwiteite van die gemeente, iets wat die leiers in gemeentes natuurlik ook nodig het!

Jy kan gerus ook self gereeld 'n spesiale sabbatsdag as geloofsgewoonte hou om jou te herinner aan die ritme van rus en werk wat die Here vir ons bedoel het. Hier is 'n paar eenvoudige riglyne vir só 'n dag:

- Onthou: die gebruik van die sabbat is nie afhanklik van jou gereedheid om tot stilstand te kom nie. Ons kom nie tot stilstand omdat ons klaar is met iets nie. *Ons doen dit, omdat dit tyd is om tot stilstand te kom*. Die gebruik van die sabbat is God se gawe aan jou vir 'n herhalende gereelde tyd van rus, sodat jy Hom en jou mense kan geniet. Dit is 'n tyd van *wees*, nie 'n tyd van *doen* nie.
- Gebruik die tyd om op intieme wyse met God en jou mense te verkeer. Gaan stap, hou 'n piekniek, gaan kuier by vriende, skakel af van telefone en Internet gebaseerde kommunikasie, sit jou "*to-do*"-lysie weg tot die volgende dag.

Jy kan ook meer lees oor die sabbat in my bydrae oor Jesaja 56-57 by bybelskool.com.

**Indeling**

Die Psalm kan in vier dele opgedeel word:

- Vers 2-8 – **'n Danklied**: "*Dit is goed om die Here te loof* (*dank* – 2014 vertaling)."
- Vers 9-10 – **'n Belydenis**: "Almal wat onreg doen, sal vernietig word."
- Vers 11-12 – **'n Vertrouenslied:** "Maar vir my gee U krag soos dié van 'n buffel."

- Vers 13-16 – **'n Verwagtingslied:** "Die regverdiges sal sterk wees soos palmbome."

Weereens gee dié indeling 'n mens 'n handige struktuur vir jou eie gebede: *dank*, *belydenis*, *vertroue*, *verwagting*.

**Dank: "Dit is goed om die Here te loof" – vers 2-8**

Daar is min dinge wat 'n mens meer bewus maak van die teenwoordigheid van die Here as om in lofprysing en danksegging voor die Here te verkeer. Die woordjie *loof* in die 1983 vertaling is een manier om die Hebreeuse woord *yā·ḏā(h)* te vertaal. Die 2014 vertaling het *dank* en dit kan ook *bely* beteken, hoewel dit dan gewoonlik met negatiewe sake geassosieer word. In die konteks beteken die woord dus *loof* of *dank*.

Die fokus is op God se liefde en trou, sy groot dade en alles wat Hy gedoen het. Trouens: " *Groots is alles wat U doen, Here, ondeurgrondelik u gedagtes*." Wie dit nie besef nie, is onnosel. Wie dit nie insien nie, het geen insig nie. Sulke mense sal daarom uitgewis word, al lyk dit asof hulle voorspoedig is (onthou Ps. 73!).

Let op hoe die Psalmis hierdie lof en dank met musiek voor die Here bring, met snaarinstrumente ('n tiensnarige instrument word waarskynlik bedoel), harpe en liere. Dit is dus bedoel vir die volle vergadering van die geloofsgemeenskap.

**Belydenis: "Almal wat onreg doen, sal vernietig word" – vers 9-10**

Die lof en dank lei onvermydelik tot 'n belydenis dat God se koningskap vir ewig is en dat Hy dit sal bewys in die feit dat onreg en dié wat onreg pleeg, God se vyande, uitgewis sal word.

**Vertroue: "Maar vir my gee U krag soos dié van 'n buffel" – vers 11-12**

Daarteenoor staan die gelowiges wat kan getuig dat hulle krag het soos dié van 'n buffel, dat God hulle toelaat om deel te hê aan die oorwinning oor Sy vyande, wat ook die gelowiges se teëstanders is. Vir hulle hoef gelowiges dus nie in vrees te lewe nie. Hulle dreigemente sal tot niks kom nie.

**Verwagting: "Die regverdiges sal sterk wees soos palmbome." – vers 13-16**

Omdat die vertroue in God deur hulle ervaring bevestig word (vers 11-12), kan die Psalmis dus ook die verwagting en hoop uitspreek dat dit in die toekoms ook só sal wees. Hy gebruik die twee metafore van die krag van die palmbome sowel as die hoë seders van Libanon om hulle oorlewing en lewenskrag te beskryf. Omdat hulle die Here ken, sal hulle selfs in hulle ouderdom nog toeneem in krag, sodat ook dié getuienis sal laat blyk dat die Here regverdig is. Hy bly vir ons die onbeweeglike rots.

**Die boodskap van die Psalm**

Die wonder van Psalm 92 lê aan die een kant in die struktuur wat dit vir ons gebede gee: dank, belydenis, vertroue, en verwagting. Dit is ‘n gebedsmodel wat soveel sin maak vir ons gebedslewe.

Aan die ander kant is dit die hoof Psalm vir die sabbatsweek (die fees van die weke) wat saamval met ons Pinksterweek. Dit herinner ‘n mens daaraan om 1) tot rus te kom in die wete van God se liefde en trou, 2) om sy groot dade in herinnering te roep, 3) om my vertroue in Hom te bely en ook 4) my verwagting van sy regverdigheid uit te spreek.

“ Groots is alles wat U doen, Here!” Inderdaad.

**Chris van Wyk**

***Pinkster Mei 2016***

acv.vanwyk@gmail.com